NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur:* *Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

22 Februarie 2019
Nr 07/2019

Warm nuus

- **Skolliekampe:** ***26-31 Maart*** by Badseloop
  Aandag predikant, jeugwerker & skriba:
  Dit is weer tyd vir Skolliekamp! Dit is 'n kamp wat graad 11- en 12-jongmense vir die lewe na skool voorberei. Dit kan ook as belydeniskamp dien indien u gemeente nie self kan gaan kamp nie. Die kamp bestaan al vir meer as 50 jaar en het al duisende jongmense se lewens aangeraak!

  Hierdie jaar kamp die Noordelike, Oostelike en Goudland Sinode saam. Ons is baie opgewonde hieroor!

  Die span bestaan uit verskeie studente, jong werkendes en ervare Skolliekampers. Die leraars wat saam kamp vir 2018 is Anandie Greyling (Oostelike Sinode), Johan Janse van Rensburg (Noordelike Sinode) en Phil Gräbe (Goudland Sinode). [**Lees hier meer**…]

- **Taakspan Missionaliteit:** **"Blog"**
  Die Missionale Taakspan is opgewonde daaroor om met 'n vars, lewendige, inspirerende "blog" te begin wat ons almal aan die hand van "*Together Towards Life*" aanhits om op reis met ons eie missionale verstaan te gaan. Die gesprek is interaktief en ons sal dit baie waardeer as jy lidmate, kennisse, netwerke van watter afkoms ookal sal nooi om saam te gesels oor missionale kerkwees en Christen wees. Die blog sal op grond van ons gesprekke, weekliks of tweeweekliks opgedateer word deur verskillende lede van die taakspan.
  - Kontak gerus vir **Frans du Plessis** by fransdp@icloud.com, sel 078 095 0616 vir meer inligting.

- **Aktuarius**
  Attie Nel het onlangs 'n ligte beroerte gehad en moet ook binnekort 'n heupoperasie ondergaan. Hy is dus tydelik van alle sinodale pligte onthef. **Christo J van Vuuren** [Sesmylspruit] sal tot einde Junie as aktuarius waarneem.
  - Skriftelike navrae kan aan hom gerig word by christovvu@gmail.com.

Sinodenuus

❖ Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
- ***26 Februarie.***

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ #imagine

Die geleentheid gaan plaasvind op ***29-31 Maart*** in Limpopo. Sien julle by #imagine se 2019 EXPERIENCE!
Reklame video: Kliek hier
Vir navrae, kontak gerus vir Fouché de Wet, 073 234 0156.
Weblad: www.imaginemovement.co.za.

Kolleganuus

❖ Baie geluk!

Willie Korb [Môregloed] is verloof aan **Elandri Carelson**.

❖ Beroep/bevestiging

Nadine Bronkhorst [jeugwerker by Rustenburg-Bergsig] is beroep as leraar van dié gemeente. Haar bevestiging vind op Sondag ***10 Maart 2019*** om 09:00 plaas.

❖ Hospitaal/siekte

Koos Nel [Haakdoorn] se vrou **Renate** is ernstig siek in die hospitaal.
Leon van Heerden [emeritus en vroeer van Rietfontein-Suid] word geopereer na fietsongeluk.

❖ Innige simpatie

Cas Wepener [Praktiese Teologie, UP] se suster is oorlede.
Neël Meyer [emeritus en vroeër van Roedtan] is onlangs oorlede.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone wat in die volgende tyd verjaar*:

25/02	Drian Viljoen [Kameeldrif, 084 608 2859, drianviljoen@gmail.com]
26/02	Fay van Eeden [Stellastraat, 083 478 0854, faycve@gmail.com]
	Meiring de Wet [Doornpoort, 076 421 7910, gpmeiring@gmail.com]
	Jaap Dreyer [Emeritus, 082 877 3900, jaapdreyer@telkomsa.net]
27/02	George Nel [Emeritus, 083 676 1147, 4nkerk@gmail.com]
01/03	SJ Norval [Emeritus, 082 530 7280]
03/03	Marinda van Niekerk [Pen, 083 268 9474, marinda@pen.org.za]
	Hannes Nieman [Emeritus, 082 807 1473, hannesnie@gmail.com]
04/03	Joekie Laas [Waverley, 083 258 2668, joekie@ngwaverleyoos.co.za]
	Hannes Peens [Marken, 082 886 6077, hpeens@vodamail.co.za]
	Frans du Plessis [Brits, 078 095 0616, fransdp@icloud.com]

****

01/03	Sonja Bezuidenhout [Pietersburg-Noord, 015 297 8994, hannes@ngnoord.co.za]
02/03	Lizette Coetzee [Wesmoot, 082 568 5672, dstheuns@live.com]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
DRC in Zambia (Nkana) [Gestig op 27/02/1998]
Limpopo [Gestig op 01/03/1977]

❖ **Derdepoort** benodig dringend ‘n **5000 liter watertenk** wat hulle wil oprig om hul waterkoste te verminder. Hulle ontvang graag inligting waar hulle dit teen die beste prys kan aankoop.
Kontak: George Beetge by kinggeorge@mweb.co.za / 083 260 1470

❖ **Brits**: **Hoenderbraai**
Kom geniet ‘n aand van lekker kuier, goeie musiek en heerlike kos!
Gaskunstenaars: *Leonard Lang, Neels du Toit, Waldo Lotz en Kobus Botes!*
Datum: ***23 Februarie*** [16:00]
Toegang: R80 p/p en R40 vir kinders 0 / 13
Spyskaart: Gebraaide hoender, rys, 3 slaaie, tuisgebakte brood in pizza oond met vye konfyt…
Navrae: Kerkkantoor 012-252 1160

❖ **Pierneef**: **Boere Basaar**
Datum: ***2 Maart*** [08:00-14:00]
Waar: Pierneefstraat 954, Villieria

❖ **Overkruin: Waarheen wanneer ek aftree?**
Datum: Saterdag ***9 Maart*** [stiptelik 09:00-12:00]
Plek: NG Kerk Overkruin
Spreker: Spesialis oor *behuisingsopsies by aftrede en versorging* (10:00-11:00)
‘n EXPO van aftrede-opsies/oorde én plekke vir versorging in die omgewing.
Neem kennis van:
- Voor- en nadele van verskillende behuisingsopsies
- Moontlike Slaggate
- VERSORGINSOPSIES en -DIENSTE vir ouer persone in die omgewing

Toegang is gratis en ‘n donasie om koste te dek sal opgeneem word. Verversings word aangebied.

Ander nuus

❖ **NG Sinode Hoëveld: nuwe telefoonnommer**
Die telefoonnommer is nou 011 394 0891. Let asseblief daarop dat Tutela se telefoonnommer onveranderd bly, 011 975 8220. Besoek die webwerf by www.ngkhoeveld.co.za.

❖ **Wêreldbiddag vir Vroue**: ***1 Maart***
Dit is vanjaar die 89ste jaar dat die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gevier word! Die Wêreldbiddag het in 1887 in die VSA in die Presbiteriaanse kerk ontstaan, toe ‘n klompie vroue baie besorg was oor die swaarkry van vroue en kinders in slawerny. Die beweging het toe spontaan uitgebrei, na waar daar op die eerste Vrydag in Maart nou al in 150 lande presies dieselfde program gevolg word. Dit is ‘n absolute wonderwerk dat die beweging 132 jaar al aan die gang is, sonder onderbreking! In Suid-Afrika het die Wêreldbiddag vir Vroue in 1930 in die Wes-Kaap begin. Die deelnemende lande kry elkeen ‘n beurt om die program saam te stel, en die wonder daarvan is dat daar op hierdie dag vir 24 uur dwarsoor die wêreld presies dieselfde program deur derduisende Christene gebid word. Dit is nogal ‘n gestoei om voorsiening te maak vir die variasie in kerke wêreldwyd. Daarom volg ons die program soos die betrokke land dit opgestel het, maar gee ruimte vir gemeentes wat bietjie wil afwyk.

Ons nooi alle vroue uit om die Wêreldbiddag op 1 Maart by te woon. **Die tema kom uit Lukas 14:12-24: “Kom – Alles is gereed!” Slovenië is die skrywerland**.
Indien jy onseker is waar die diens in jou dorp aangebied word, kontak gerus die nasionale kantoor: 011-975 4598 of stuur ‘n epos aan wwdp@telkomsa.net

❖ Openbare lesing: Fakulteit Teologie en Religie – Universiteit van Pretoria

Prof Alphonso Groenewald laat weet soos volg: "The *Department of Old Testament and Hebrew Scriptures and the Department of Ancient and Modern Languages and Cultures* cordially invite you to a public lecture by
Prof Thomas Römer from the Collège de France (Paris).
On the topic of "**The Origins of the Biblical God**".
Date: ***25 February*** 2019 [13:30 to 14:20]
Venue: Room 4-151, EMB Building Location UP Main Campus, Pretoria
For inquiries, please contact either Dr Jo-Marí Schäder at jo-mari.schader@up.ac.za or Prof Alphonso Groenewald at alphonso.groenewald@up.ac.za."

❖ Oop vir die oomblik

Willem Nicol gee kennis van die volgende kursus: Dit handel oor teenwoordig-wees in die oomblik met as basis die teenwoordigheid van die Here. Vanjaar word dit in korter formaat aangebied met 6 weeklikse byeenkomste en met die klem op die praktiese inoefening in teenwoordigheid.
Aanbieder: Willem Nicol.
Byeenkomste: 5 Donderdagaande van 19:00 tot 20:30. Datums: ***9, 16, 23, 30 Mei en 13 Junie***.
Plek: Stellastraatgemeente se kapel.
Een Saterdagoggend, ***11 Mei***, van 07:00 tot 12:00 in Moreleta Kloof Natuurreservaat (waar Rademeyer-restaurant ook is).
Meer inligting en inskrywings: Stuur 'n epos aan wnicol@mweb.co.za met jou naam en kontakbesonderhede.
Koste: R400 betaalbaar in rekening van Sentrum vir Spiritualiteit. Rekeningbesonderhede: NG RING, ABSA, 9328323743 - Merk die betaling soos volg: teenwoordigheid, van, noemnaam.

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media
Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

❖ Excelsus kursusse

Besoek www.exelsus.org.za vir meer inligting oor kursusse wat aangebied word.
• **Kliek hier** vir die ***2019 jaarprogram***

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Die ekonomiese situasie in ons land.
- Gemeentes wat in hierdie tyd begrotings vir die nuwe finansiële jaar moet finaliseer.
- Dankie vir die milde reën van die afgelope tyd.

Proponente en ander vakatures

❖ UP Fakulteit Teologie:

★ Gelegitimeerde proponente 2016

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ Gelegitimeerde proponente 2017

Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ Gelegitimeerde proponent 2018

Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]

Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*

Ten slotte

BYLAES

Skolliekamp 26-31 Maart 2019
Badseloop

Beste Predikant, Jeugwerker & Skriba

Dit is weer tyd vir Skolliekamp! Dit is 'n kamp wat graad 11- en 12-jongmense vir die lewe na skool voorberei. Dit kan ook as belydeniskamp dien indien u gemeente nie self kan gaan kamp nie. Die kamp bestaan al vir meer as 50 jaar en het al duisende jongmense se lewens aangeraak!

Hierdie jaar kamp die Noordelike, Oostelike en Goudland Sinode saam. Ons is baie opgewonde hieroor! Die span bestaan uit verskeie studente, jong werkendes en ervare Skolliekampers. Die leraars wat saam kamp vir 2018 is Anandie Greyling (Oostelike Sinode), Johan Janse van Rensburg (Noordelike Sinode) en Phil Gräbe (Goudland Sinode).

Hoe kan u gemeente ons help?

1. Deur die Skolliekampdatums spesifiek tydens die aankondigings in die erediens (veral vir die ouers) uit te lig. Gebruik gerus een van die twee **Powerpoint-skyfies** wat **aangeheg** is vir die **aankondigings of gemeente-blad**.

2. Deur persoonlik die jongmense, en selfs die belydenisklas, aan te moedig om saam met ons te kom kamp. Indien daar jongmense is wat sukkel om op die webblad in te skryf, help hulle asb. deur die **aangehegte inskrywingsvorm** vir hul uit te druk en weer terug te stuur na info@skolliekampe.org.za Vir navrae aangaande inskrywings kontak gerus vir Carol Snyman 082 894 4626

4. Deur u gemeente te vra om saam met ons te bid en die moontlikhede te oorweeg om die jongmense van julle gemeenskap te help wat sonder die nodige borge nie die kamp sal kan bywoon nie. **Borgvorm aangeheg.**

5. Deur ons **bemarkingspan** te nooi om met die jongmense van u gemeente te kom gesels tydens 'n aanddiens of 'n jeugaksie. Kontak gerus vir **Shandrie van Zweel 076 862 3613.**

Gebruik u gemeente sosiale media?

Plaas asb. die inligting van die kamp op julle webblad, Facebook- en Instagram-blaaie.

Die **bemarkingsvideo** vir aankondigings/Facebook is beskikbaar by:
https://www.youtube.com/watch?v=B2detFwogpE

Die **Facebook-*event*:**
https://www.facebook.com/events/390862721719862/

Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning! Ons sien daarna uit om saam met u gemeente se jongmense te kamp.

Groete

Anandie Greyling, Johan Janse Van Rensburg en Phil Gräbe

Terug